1 Februarie **Skrifgedeelte: Matteus 13:1-23**

Die saaier en die doel van gelykenisse

Jesus het die mense ook in gelykenisse onderrig. Dit is eenvoudige vertellings wat ontleen is aan die natuur of die alledaagse lewe. Die bedoeling was om met praktiese lesse diep geestelike inhoud verstaanbaar en onvergeetlik voor te hou. Só het Jesus met behulp van die beeld van 'n saaiboer verduidelik wat met diegene wat die Woord hoor, gebeur. Wat is die ingesteldheid van dié wat die Woord hoor? Die saad wat op die harde pad val, is dié wat die Woord hoor, maar dit glad nie aanneem nie. By hulle is die duiwel dadelik daar om die Woord weg te neem of te verdraai sodat dit glad nie aanvaar word nie. By dié waar die saad op die rotsagtige plekke en tussen die onkruid val, is daar 'n ooreenkoms. Die ingesteldheid by hierdie gelowiges is nie reg nie. Die Woord val wel op die grond en ontkiem, maar dit moet ook bewaar en beskerm word. As daar nie opregtheid en diepte en die wil is om die Woord te bewaar nie, word die Woord onder druk verwerp. Die ingesteldheid by sommige is aanvanklik goed, maar die bekommernisse en verleidinge van die wêreld is groter as die liefde vir die Woord. By die laaste groep is die grond vrugbaar en die saad ontkiem behoorlik. Dit is waar die hart die genadewerking van God ondergaan het om die Woord te hoor en vrugte te dra tot eer van God. Hierdie ingesteldheid van die hart kom van die genadewerking van die Heilige Gees. Berei jou hart voor deur gebed, verootmoediging en 'n vrywillige onderwerping aan God deur die genadige beskikking van die Heilige Gees.

Sing: Psalm 107:1,18 *Ds GS Kruger (Centurion)*